
# 74 Dié met helderwitte klere




Die ontelbaar grote skare so vol vreugde om die Lam
kom uit alle volke, nasies, elke taal en elke stam,
met hul klere rein gewas en bevry van elke las.

Hulle het as martelare eens met woord en daad getuig,
daarom dat hul hart en hande, nou met vreugdesange juig.
Uit verdrukking kom hul in, met die Lam het hul oorwin.

En geen honger, dors of hitte sal hul ooit weer smart laat ly;
en die Lam is hul verkwikking, sodat, in Gods heil verbly,
en met trane afgeveer, hul aan Hom die eer kan gee.

Wonderbaar is u beskutting as ons lewe in u vrees!
In u waarheid is bevryding, Vader, Seun en Heil’ge Gees;
hou ons tot u lof bereid, nou en tot in ewigheid!

Adriaan P. van der Colf (1933-2002) Darmstadt Gesangboek (1698)